# PAARL-SKOOL PAARL SCHOOL



Posbus/P.O. Box 140
Privaatsak/Private Bag X09
Roglandstraat/Street, BRACENFELL, 7561
Tel: 021 981 5555/6
Faks/Fax: 021 981 7833
Epos/Email: admin@paarlskool.org.za

Borgliggaam/Sponsoring Body: BADISA
NG Kerk in SA/ Dutch Reformed Church in SA
Geregistreerde Welsynsorganisasie
Fondsinsamelingsnommer 002-970 NPO
Registered Welfare Organisation



**Nuusbrief / Newsletter 1/2020** **Datum / Date: 2020-03-18**


## Uit die hoof se pen... From the principal's desk...

As taalonderwyser het ouers altyd gevra hoe hulle hul kinders meer kan bystaan om die taal te bemeester. Die geheim is doodeenvoudig: lees, lees en lees! Hoe gouer 'n kind leer lees, hoe beter. Die huis is by uitstek die beste plek waar 'n kind moet leer lees, skryf en basiese wiskunde doen, maar op 'n informele, terloopse manier.

So luister ek na 'n insetsel van 'n opvoedkundige-sielkundige hoe fantasties informele lees kan wees. Sy stel voor dat die ouer/grootouer die klein kind op haar/sy skoot moet tel en die boekie moet voorlees - met baie prentjies natuurlik. Die fisiese kontak gee geborgenheid. Dus twee vlieë met een klap - die geborge (veilige) interaksie met jou kind en die nuwe woordjies! Wat van ons outjies wat sukkel om te lees; die met visuele waarnemingsuitdagings? Hulle lê knus en luister tog te lekker terwyl hulle veilig voel in mamma se arms!

"Lees is onmisbaar vir die persoonlikheidsvorming van die kind."
*(M.C. Grové - Opvoedkundige)*

Geniet die welverdiende ruskans en mag u en u gesin weer veilig by ons aansluit vir die volgende kwartaal.

Paarl-skool groete
Stoffel Kruger

## PREFEKTE

Paarl-skool se leierskapkamp was die naweek van 17 – 19 Januarie by Langebaan gehou. Dit was weereens 'n naweek vol leierskapaktiwiteite om ons nuwe leiers vir die jaar voor te berei. Elke leier is uitgedaag om uit sy/haar gemaksone te tree en om hulself oop te stel vir persoonlike groei en selfverryking. Paarl-skool se leiers word geleer om lewenslange leerders te wees en elkeen van hierdie leiers is gereed om nuwe ervarings te beleef en net hulle beste te gee! Ons is opgewonde om te sien tot watter mate hierdie leiers gedurende die jaar sal ontwikkel.



Prefekte: Xandré van den Berg, Ashleigh Coetzee, Zoë Philander, Herman Ellman, Yusrah Kassiem, Matz de Beer, Dihan Britz, Quanika van der Walt, Ronell Abrahams en Ryan Madell. Onderwysers verantwoordelik vir die prefekte: mev. Hester Faure en mnr. Hein van der Merwe.





Baie geluk aan Quanika van der Walt en Xandré van den Berg wat as hoofleiers vir die 1ste kwartaal aangewys is.



Geluk aan Adri de Waal, Shane Nanongkham & Molemo Mphomela wat as monitors vir die 1ste kwartaal benoem is.

# PERSONEELAANGELEENTHEDE

**NUWE PERSONEEL**

Baie welkom aan die volgende personeel wat by Paarl-skool aangesluit het gedurende hierdie kwartaal.

- Mev. Anel Zeelie (SF: opvoeder)
- Me. Carlé Jordaan (PF: opvoeder)
- Mev. Charine de Ridder (Interne sielkundige)
- Me. Clementine Jafta (koshuis)
- Me. Minette Swart (privaat fasiliteerder)
- Me. Khululwa Nyange (privaat fasiliteerder)
- Me. Suretha van der Westhuizen (privaat fasiliteerder)
- Mnr. Carlico Gous (algemene assistent)
- Mnr. Jan Jansen (busbestuurder)
- Mnr. Nicholas de Necker (deeltyds)

**AFLOSPERSONEEL**

Baie dankie aan:

- Mev. Janine van Tonder wat aflos in Mev. Lehandri de Necker se IF-klas.
- Mev. Annari Laker wat aflos in Mev. Yvette Punt (sielkundige) se plek. Beide is op kraamverlof.

**PRESTASIES**

- Geluk aan die 2019 matrikulante met julle goeie uitslae:
  Mnr. en Mev. Stoffel en Elsabé Kruger se seun, Armand
  Mev. Reinet Barnard se dogter, Madeleine
  Mev. Jacky Williams se dogter, Chanelle

**BAIE GELUK AAN:**

**VERLOWINGS**

- Me. Tammy Ann Galeshewe (klashulp PF), sy is ook Mev. Cecelia Galeshewe (opvoeder in die PF) se dogter.
- Mev. Elsabé Pienaar se seun
- Mev. Marlene Marais se dogter

**TROUES**

- Mev. Elsa Fourie wie se dogter, Hestie, hierdie kwartaal in die huwelik getree het.
- Mev. Esmé Tucker wie se seun, Liam, op 29 Februarie in die huwelik getree het.
- Mnr. Gallor Solomons wie se dogter in die Des/Jan skoolvakansie in die huwelik getree het.

Ons bid God se seën op hul huwelike toe.

**GEBOORTES**

- Mnr. Stoffel en Mev. Elsabé Kruger: kleinseun (WJ) in Maart
- Mev. Annaline Norman: kleinseun (Nicolaas) in Februarie
- Mnr. Cassie en Mev. Rachel Wagener: kleinseun (Elizah) in Februarie
- Mev. Yvette Punt: dogter (Karla) in Januarie
- Mev. Lehandri de Necker: dogter (Lea-Nické) in Februarie

Mag hierdie kinders baie vreugde in jul ouer-/grootouerharte bring!

**2020 GRAAD 1's**

- Me. Hildegard Diedericks se seun
- Mev. Charine de Ridder se seun

Sterkte aan hierdie ouers wie se kinders hulle skoolloopbaan begin.

**2020 MATRIKULANTE**

- Ons hou ons personeellede wie se kinders in 2020 in matriek is in ons harte en gebede:
  Mev. Hester Faure se seun, Daniël
  Mev. Alet Marais se dogter, Mia
  Mev. Annari Laker se dogter, Jana

**SIEKTE/HOSPITALISASIE**

- Mnr. Stoffel Kruger
- Mev. Monique Hougaard
- Me. Janet Goliath

**VERLIES**

- Ons innige simpatie aan me. Leanda Ackerman wat haar ouma aan die dood moes afstaan.

# EMOSIONELE VERSORGING

Op 27 Februarie het Charlie van "Pets as Therapy" gesorg vir groot plesier in die Grondslag- en Praktiese Fases toe sy met die leerders kom kennis maak het.





Molemo Mphomela presteer in rolstoelbasketbal en is gekies om Suid-Afrika in die O/18 en O/23 spanne te verteenwoordig. Paarl-skool is trots op jou, Molemo!



# ATLETIEK

| BEKERWENNERS – KLEURESPORT | |
|---|---|
| **LSOB ATLETE** | |
| Mini atleet van die dag Meisies O/8 – O/10 | Kira Swartz |
| Mini atleet van die dag Seuns O/8 – O/10 | Divan Kotze |
| Junior Victrix Ludorum O/11 – O/12 | Charné Hunn |
| Junior Victor Ludorum O/11 – O/12 | Lincoln Nimmerhout |
| O/13 Seun | Dominic Windvogel |
| O/15 Seun | Jayden Gain |
| Senior Seun O/16 – O/18 | Xandré van den Berg |
| Beste Langafstand Seun | Xandré van den Berg |
| Beste Langafstand Dogter | Thalita Myburgh |
| Beste Senior Veldatleet Seun | Xandré van den Berg |
| Beste Senior Veldatleet Dogter | Morgan Wewers |
| Beste Gewigstoot | Xandré van den Berg |
| Senior Victrix Ludorum | Morgan Wewers |
| Senior Victor Ludorum | Xandré van den Berg |
| **PARASPORT** | |
| Seuns O/12 of O/14 | Dian van Schalkwyk |
| Dogters O/12 of O/14 | Thalita Myburgh |
| Seuns O/16 of O/18 | Molemo Mphomela |
| Dogters O/16 of O/18 | Kaylynn Scholtz |
| Elektriese Rolstoel Slalom | Perciville Timmy |
| Gewone Rolstoel Slalom | Molemo Mphomela |
| Victrix Ludorum | Kaylynn Scholtz |
| Victor Ludorum | Molemo Mphomela |
| **WENSPAN** | **Blou** |



Ons jaarlikse uurbyeenkoms was 'n groot sukses. 'n Lekker warm aand vol pragtige atletiek. Dankie aan Westcliff, Vista Nova, Jan Kriel, Hebron en Slot van die Paarl wat die aand bygewoon het.

Die leerders het weereens ons jaarlikse Kleuresport terdeë geniet. Ons het massa-deelname en goeie resultate gehad. Baie geluk aan die Blou-span wat vir twee jaar na mekaar gewen het en al die atlete wat hul bes gedoen het.









Ons jaarlikse Driehoek Atletiekbyeenkoms bewys weereens dat sport mense bymekaar bring! Atlete van Tafelberg, Vista Nova en Paarl-skool het aan hierdie byeenkoms deelgeneem. Ons atlete het uitstekend gevaar en in al die junior items gewen. Xandré van den Berg is op die dag as die Senior Victor Ludorum bekroon.







Ons atlete het skitterend gevaar by die afgelope WP LSOB proewe. Xandré van den Berg: 1ste in verspring en 2de in hoogspring, Jayden Gain: 2de in verspring en 3de in diskus, Morgan Wewers: 1ste in hoogspring, Quanika van der Walt: 2de in verspring. Paarl-skool is baie trots op hierdie atlete!

# SWEM

Donderdag, 6 Februarie was weer 'n hoogtepunt op ons sportkalender toe baie leerders aan ons jaarlikse swemgala deelgeneem het. Baie dankie aan elke leerder wat met groot ywer en goeie sportmangees van hierdie geleentheid 'n groot sukses gemaak het. Ons is veral trots op Dylan de Jager (Junior Victor Ludorum), Mariet Gerber (Junior Victrix Ludorum), Joalet Viljoen (Parasport Victrix Ludorum), Jonathan de Robillard (Senior Victor Ludorum), Teniel Morton (Senior Victrix Ludorum) en Amile Sogidashe (Parasport Victor Ludorum). Baie geluk ook aan ons bekerwenners: Dylan de Jager (seuns O/12), Ethan Klopper (seuns O/13), Jonathan de Robillard (seuns O/14), Kian Smith (seuns O/15) en Storm van Heerden (seuns OPE). Die Blou-span was die wenspan met 184 punte. Baie dankie ook aan elke personeellid en ouer wat ons so entoesiasties ondersteun het!











Op 28 Februarie het Paarl-skool aan die jaarlikse Driehoek Swemgala deelgeneem waar ons swemmers teen Vista Nova en Tafelberg-skool meegeding het. Dit was 'n suksesvolle byeenkoms en ons leerders het dit vreeslik baie geniet. Baie dankie aan Tafelberg-skool vir die reël van 'n wonderlike byeenkoms. Ons is trots op elke leerder van Paarl-skool wat met soveel passie en deursettingsvermoë deelgeneem het.





## KOSHUISPREFEKTE

Baie geluk aan die volgende leerders wat gekies is as koshuisprefekte vir 2020: Aneswa Fetile, Amile Sogidashe en Joshua Meyer. Morgan Wewers en Molemo Mphomela is aangewys as die hoofleiers vir 2020.

# PARASPORT



Die volgende leerders is ingesluit by die Weskaap-span wat vanaf 20—25 Maart 2020 in Port Elizabeth sou gaan deelneem het aan die Nasionale Kampioenskappe vir Fisies Gestremdes: Luke Adams, Marli Blom, Margot Conradie, Gift Gxilishe, Cassidy Hoffman, Liam Isaacs, Thalita Myburgh, Kaylynn Scholtz, Amile Sogidashe, Joalet Viljoen en Tatum Whelan.

Die volgende personeellede sou die leerders vergesel het en/of betrokke gewees by die kampioenskappe in verskillende hoedanighede: Reinet Barnard - Boccia hoof skeidsregter, Sandrè Jordaan - Boccia ramp assistant, Elanza Jordaan - Boccia atleet en Bulelani Gomba - Boccia assistent.

Ongelukkig is hierdie byeenkoms gekanselleer weens die Coronavirus (COVID-19).

# Pretgala

Op Dinsdag 11 Februarie het die Grondslagfase hul jaarlikse Pretgala aangebied. Onder leiding van ons eie "Waterfeetjie" het ons kleintjies die dag gate uit geniet in die swembad met hoepels, bordjies en noodles. Sommige leerders was selfs braaf genoeg om hul duikvermoë ten toon te stel. Ons sê baie dankie aan almal wat so fluks in die water gehelp het.










# Voorskoolse Fase besoek akwarium

Op 19 Februarie het 'n opgewonde groep leerders en personeellede van die Voorskoolse Fase die akwarium by die V&A Waterfront in Kaapstad besoek. Die kinders het dit geniet om na die groot haaie en ander visse in die haaitenk te kyk. Die pikkewyne en kleiner seediere was baie gewild en die Nemo-fotohoekie was 'n treffer! Ons is innig dankbaar teenoor elkeen wat gehelp het om dit 'n onvergeetlike ervaring vir almal te maak. 'n Spesiale woord van dank aan die vriendelike man wat almal daarna met 'n heerlike roomys bederf het.







Warrior On Wheels
FOUNDATION
★Hope★Courage★Adventure★

Baie geluk aan ons Warriors on Wheels wat die Kaapse Fietstoer van 106km op Sondag 8 Maart 2020 voltooi het. Tiaan Louw, getrek deur Marc Ruwiel en ondersteun deur Luca Ruwiel het die wedren in 4 ure 30 minute voltooi. J.J. Booysens, getrek deur Marc Wyllie en ondersteun deur Schalke Booysens en Daniel Enslin het die wedren in 7 ure 2 minute voltooi.











# Geseënde Paasfees!

